




UITERS BELANGRIKE INSKRYWINGSINLIGTING

 Lees die onderstaande inligting voordat jy vir graad 10 – 12 registreer.

Neem kennis: 'n Rekenaar of skootrekenaar met internettoegang, asook 'n betroubare e-posadres is 'n vereiste vir leerders in die VOO-fase, aangesien Impaq hoofsaaklik by wyse van e-posse kommunikeer.

Toelatingseksamens

Impaq behou die reg om te versoek dat 'n leerder 'n toelatingseksamen skryf om te bevestig dat hy/sy aan die toelatingsvereistes voldoen.

Voorwaardelike goedkeuring

Indien 'n finale rapport van die vorige graad nie beskikbaar is nie, sal 'n aansoek slegs voorwaardelik aanvaar word totdat 'n suksesvolle en geldige finale rapport by voo@impaq.co.za of per faks: 0866872581 ingedien word. Die sluitingsdatum vir die indien van 'n finale rapport is einde Februarie. Indien die ouer/voog sou nalaat om 'n suksesvolle en geldige finale rapport in te dien, mag die leerder se registrasie gekanselleer word. Voorlopige goedkeuring berus by Impaq.

Vakvereistes

Impaq bied die Akademiese (Algemene) baan in die VOO-fase aan, wat graad 10 tot 12 insluit. Hierdie baan vereis die voltooiing van sewe vakke, waarvan vier verpligte en drie keusevakke is.

Leerders moet vier verpligte vakke uit die onderstaande kies:

Twee verpligte taalvakke:

- Ten minste een huistaal
- 'n Tweede taal op huistaal- of eerste addisionele taal-vlak

Een verpligte Wiskunde-vak:

- Wiskunde
- Wiskundige Geletterdheid

Lewensoriëntering is die vierde verpligte vak.

Leerders moet 'n minimum van drie keusevakke neem.

Ons beveel aan dat Wiskunde geneem word indien enige van die volgende keusevakke geneem word:

- Ingenieursgrafika en -ontwerp
- Geografie
- Inligtingstechnologie
- Lewenswetenskappe

Vir 'n volledige lys van vakke wat Impaq aanbied, kyk asseblief by VOO-fase.

Statutêre vakkeusereëls

- Dieselfde taal mag nie as Huistaal en Eerste Addisionele Taal gekies word nie.
- Wiskunde en Wiskundige Geletterdheid mag nie saam geneem word nie. Leerders moet of die een of die ander kies.
- Verbruikerstudies en Gasvryheidstudies mag nie saam geneem word nie. Leerders mag of die een of die ander kies.
- Wiskunde is verpligtend indien een van die volgende vakke gekies word:
 - o Rekeningkunde
 - o Fisiese Wetenskappe

Vakveranderings

Alle vakveranderings moet eers goedgekeur word voordat ons 'n kwotasie sal stuur. Om goedkeuring vir vakverandering te kry, word daar van die ouer/voog verwag om 'n motiveringsbrief te skryf waarin die rede vir die vakverandering verduidelik word. Die brief moet die volgende insluit: Volle name en ID-nommer, 'n omvattende motivering en 'n uiteensetting van die program wat gevolg gaan word en waarin aangedui word hoe die vakinhoud vir die vorige graad gedek gaan word.

Goedkeuring vir enige vakverandering berus by Impaq.

- 'n Graad 10-leerder mag 'n maksimum van twee vakveranderings op of voor 27 Junie maak en die betalingsafsnyddatum is 29 Junie van die akademiese jaar.
- 'n Graad 11-leerder mag twee vakveranderings op of voor 28 Maart maak en die betalingsafsnyddatum is 30 Maart van die akademiese jaar.
- Geen vakveranderings sal in die graad 12-akademiese jaar goedgekeur word nie.



NEEM KENNIS:

- 'n Verandering van 'n Huistaal na 'n Addisionele Taal (of andersom) word as 'n vakverandering beskou.
- 'n Verandering van Wiskunde na Wiskundige Geletterdheid (of andersom) word as 'n vakverandering beskou.
- 'n Verandering vanaf Verbruikerstudies na Gasvryheidstudies (of andersom) word as 'n vakverandering beskou.

Registrasie- en betalingsafsnydatus

- Graad 10-aansoeke moet teen 27 Junie 2018 ingedien word en betalings moet teen 29 Junie 2018 gefinaliseer word.
- Graad 11-aansoeke moet teen 2 Mei 2018, ingedien word en betalings moet teen 4 Mei 2018 gefinaliseer word.
- Graad 12-aansoeke moet teen 15 Februarie 2018, ingedien word en betalings moet teen 21 Februarie 2018 gefinaliseer word.

Ná die aanvanklike afsnydatums word 'n amptelike kwartaalrapport vereis waarin die leerder se vordering tot en met sy/haar registrasie by Impaq tot 31 Augustus aangetoon word.

Indien die leerder nie 'n amptelike rapport kan lewer waarin sy/haar vordering tot en met sy/haar registrasie by Impaq aangetoon word nie, sal daar van die leerder verwag word om enige werk wat gedurende die graad/jaar agterweë geraak het, in te haal (Nie van toepassing vir graad 12 nie).

Alle eksamens moet in ooreenstemming met 'n vasgestelde eksamenrooster afgelê word. Geen uitstel sal verleen word vir eksamens wat nie in die vasgestelde tyd afgelê is nie.

Bykomende vereistes is van toepassing vir graad 12-registrasies.

Neem van meer as sewe vakke

Indien 'n leerder meer as die sewe vereiste vakke wil neem, moet hy/sy al die vereiste werk, insluitend portefeuljewerk, vanaf graad 10 voltooi. Die leerder moet elke bykomende vak slaag voordat hy/sy toegelaat sal word om in die volgende graad met daardie vak voort te gaan.

Indien 'n leerder reeds graad 12 geslaag het, word bykomende vakke toegelaat. Die graad 10- en 11-materiaal vir die vakke moet deurgewerk word om te verseker dat die leerder 'n begrip van die vak se basiese beginsels het. Daar word nie vereis dat leerders graad 10 en 11 in die bykomende vakke formeel deur Impaq voltooi nie.

Vakke wat deur 'n ander instansie geneem word

Impaq administreer geen reëlings of gelde vir vakke wat nie deur Impaq geneem word nie. Verseker dat die gekose instansie die KABV-kurrikulum volg. Tref ook die nodige reëlings met SACAI (ons beveel nie aan dat leerders by meer as een eksamenraad registreer nie).

Bykomende kostes – Graad 12

Mondelinge: Opsie 1	Mondelinge assesseringsgeleentheid wat deur Impaq gereël word: R200 per vak.
Mondelinge: Opsie 2	Soos ooreengekom met 'n goedgekeurde assessor. Alle Opsie 2-assessore moet deur Impaq goedgekeur word.
PAT: Opsie 1	Kostes sal afhang van die vak, plek en formaat van die geleentheid.
PAT: Opsie 2	Soos ooreengekom met 'n goedgekeurde assessor. Alle Opsie 2-assessore moet deur Impaq goedgekeur word.
Visuele Kunste uitstalling: Opsie 1	Visuele Kunste uitstalling geskeduleer deur Impaq: R600.
Visuele Kunste uitstalling: Opsie 2	Soos ooreengekom met 'n goedgekeurde assessor. Alle Opsie 2-assessore moet deur Impaq goedgekeur word.
Dramatiese Kunste prakties: Opsie 1	Dramatiese Kunste prakties geskeduleer deur Impaq teen R150 per sessie (drie sessies)
Dramatiese Kunste prakties: Opsie 2	Soos ooreengekom met 'n goedgekeurde assessor. Alle Opsie 2-assessore moet deur Impaq goedgekeur word.

Hermerk/herindiening van assesseringstake kan aangevra word teen 'n bykomende koste, soos in die Ouerhandleiding uiteengesit.

Eksamenvereistes

Alle eksamens in die VOO-fase (Junie-, November- en Rekordeksamen – uitsluitende graad 12 se Eindeksamen) moet by 'n goedgekeurde toesighouer (kommissaris van ede, assessor, gekwalifiseerde onderwyser of netwerkmentor wat Impaq gebruik) afgelê word.

Dit is die ouer/voog se verantwoordelikheid om 'n eksamentoesighouer aan te wys en ook om met die toesighouer ooreen te kom oor enige bykomende kostes betreffende.

- toesighouding
- die aflaai van eksamenvraestelle vanaf my.Impaq
- die druk van eksamenvraestelle
- koerierdienste wat benodig word

Grade 12 NSS-eindeksamen

Impaq se kandidate word by SACAI, 'n goedgekeurde onafhanklike eksamenraad onder Umalusi, geregistreer. Die Nasionale Seniorertifikaateindeksamen moet by 'n geregistreerde SACAI-eksamensentrum afgelê word. Eksamensentra word oor die algemeen gevestig waar daar 'n konsentrasie van kandidate per geografiese gebied is. Om te verseker dat 'n kandidaat by die eksamensentrum die naaste aan sy/haar tuiste eksamen skryf, moet die korrekte woonadres op Impaq se databasis geregistreer wees. Stel Impaq asseblief in kennis van enige adresverandering.

Kostes vir die administrasie van die Eindeksamen vir kandidate wat die eksamen binne Suid-Afrika se grense aflê, is by die pakket ingesluit. Bykomende kostes mag vir Visuele Kunste en Dramatiese Kunste of goedgekeurde konsessies aangegaan moet moet.

Daar mag van kandidate buite Suid-Afrika verwag word om die graad 12-eindeksamen in Suid-Afrika te skryf. Alhoewel SACAI voorheen eksamensentrums in Namibië goedgekeur het, is dit onderworpe aan jaarlikse goedkeuring deur Umalusi. Sou SACAI eksamensentrums in Namibië toelaat, mag daar van die kandidate wat daar geplaas word, verwag word om bykomende kostes vir die onderhoud en bestuur van 'n internasionale eksamensentrum te betaal. Hierdie gelde sal ná registrasie gehef word, sodra die bykomende kostes bevestig is. Meer inligting rakende eksamensentrums en -regulasies sal ná bevestiging voorsien word.

Nasien en indien van assesseringskomponente

Graad	Nasien en inlewering van assesseringskomponente
10 – 11	<ul style="list-style-type: none">• Fasiliteerders/ouers mag self alle deurlopende assesserings (uitsluitend die graad 11-Novembereksamen) nasien deur gebruik te maak van die memorandum en rubrieke wat deur Impaq voorsien word. Punte kan op twee maniere ingedien word: Fasiliteerders/ouers kan die punte op my.Impaq vaslê OF fasiliteerders/ouers kan die punteblaai wat voorsien word, indien vir vaslegging deur Impaq. Impaq behou die reg om te versoek dat eksamenantwoordblaaie ingedien word vir die interne nasien daarvan of vir moderering.• Formele assesserings mag ook op versoek deur Impaq nagesien word.• Die antwoordblaaie vir die graad 11-Novembereksamen moet voor die sperdatum aan Impaq voorgelê word om nagesien te word.
12	<ul style="list-style-type: none">• Tutorsentrums/fasiliteerders/ouers mag geen formele assessering of portefeuljekomponente self nasien nie. Alle assesserings van portefeuljekomponente moet by Impaq ingedien word (persoonlik of via koerier) om nagesien en geprosesseer te word.• Die assessering van sekere praktiese portefeuljekomponente mag met die goedkeuring van Impaq deur die kandidate self gereël word.• Die assessering van vakke met 'n praktiese of mondelinge komponent – insluitend taalvakke, Landboubestuurspraktyke, Dramatiese Kunste, Visuele Kunste, Gasvryheidstudies, en Verbruikerstudies – mag op een van twee maniere plaasvind:<ul style="list-style-type: none">o Opsie 1: Impaq reël die assesseringo Opsie 2: Kandidaat reël die assessering (goedkeuring vereis)

Mondelinge

Alle mondelinge take vir taalvakke in graad 12 moet onder die toesig van 'n gekwalifiseerde taalassessor voltooi word tydens 'n geleentheid wat deur Impaq gereël word. Alternatiewelik kan die kandidaat aansoek doen dat 'n taalassessor die mondelinge op 'n tyd en plek wat vir hom gerieflik is, assesseer. (Opsie 2). Neem kennis van die sperdatums vir die indiening van mondelinge punte, aangesien geen laat indiening aanvaar sal word nie.

Konsessies

Leerders met leerhindernisse mag by Impaq aansoek doen om spesiale konsessies, op voorwaarde dat hulle die nodige bewyse kan voorsien. Aansoeke kos R700 en is onderworpe aan goedkeuring.

Neem kennis: Impaq sal nie nuwe konsessie-aansoeke aanvaar wat vir die eerste maal deur 'n kandidaat in graad 12 ingedien word nie. 'n Geskiedenis van vorige konsessies moet voorgelê word.



Vir meer inligting rakende die VOO-Fase, stuur 'n e-pos aan voo@impaq.co.za of raadpleeg Frequently Asked Questions